**Oordenking**
**21 Desember 2009**

## Advent laat ons uitsien na die hemel.

Meeste mense het maar ‘n vae idee oor wat dit beteken om eendag in die hemel en op die nuwe aarde te woon. Maar wat hou die toekoms dan vir mense in wat Jesus volg?

Die Bybel sê dat God eendag weer sy volmaakte regering van die hele skepping, deur sy Seun Jesus, sal herstel. (Ef 1:10). Elke vorm van boosheid, korrupsie en tirannie sal vernietig word. Siekte en dood sal nie meer bestaan nie. Daar sal geen teleurstelling, frustrasie of pyn meer wees nie. Alles en almal wat vyande van God se plan is, sal heeltemal vernietig word.

Mense sal die vrug van hul arbeid ten volle geniet. *“Daar sal mense huise bou en self daarin woon, hulle sal wingerde plant en self die druiwe eet.”* (Jes 65:21). Gelowiges sal volmaakte vrede, regverdigheid en geregtigheid geniet. Alle verhoudinge en die gemeenskapslewe sal volmaak wees. En God wat altyd by sy mense sal wees, waarborg hierdie ewige, volmaakte toekoms.

Die hemel is ‘n tuiste waarna Christene uitsien. Dis ons beloofde land, ’n plek van rus en van oorvloed. Dit sal soos ‘n bruilofsfees wees. Daar geniet ons veiligheid, samesyn en die welvaart van die groot en volmaakte stad van God.

Die Bybel gee ons maar net ‘n vae idee oor dié toekomstige heerlikheid. (1Kor 13:12, Rom 8:18). Nogtans roep die Woord ons op om ons hoop te stel op die wederkoms van Jesus. (1Pet 2:13, Kol 3:4). Ons word opgeroep om soos reisigers, pelgrims en soos pioniers te dink wat uitsien na ons toekomstige tuiste by die Here. (2Kor 5:7).

Jesus is in Betlehem gebore as die Koning van hierdie toekomstige, volmaakte Koninkryk. Hy is gebore om as die Vors van vrede oor alles wat aan God behoort te regeer en wil dit saam met ons, sy bruid, vir ewig doen. Kom ons vier dan Vrydag sy geboorte met gepaste vreugde en eer aan Hom.
Mag ons niks of niemand toelaat om ‘n hoër prioriteit as Hy, op sy verjaarsdag te wees nie.

Kom kerk toe op Kersdag om die Koning te aanbid! Bring jou familie en kom sing saam met die Engele:
*Luk 2: 14 - "Eer aan God in die hoogste hemel,*
*en vrede op aarde vir die mense in wie Hy 'n welbehae het."*

(Dis ‘n goeie plan om na te dink oor van die gedeeltes in die Bybel wat vir ons ‘n beeld van die hemel gee – bv. Jesaja 65:17-25, Openbaring 7:14-17 en 21:1-22:5.)